| |
|---|
| Verslagwaardig: Ja / Nee |
| Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee |
| Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

| | |
|---|---|
| Saaknommer: | 1507/2008 |
| Datum Verhoor: | 2008-12-01 |
| Datum Gelewer: | 2008-12-12 |

In die saak van:

**SAAMWERK SOUTWERKE (EDMS) BPK** **APPLIKANT**

***versus***

**SA SOUTWERKE (EDMS) BPK** **EERSTE RESPONDENT**

**MINISTER VAN MINERAAL EN ENERGIESAKE** **TWEEDE RESPONDENT**

**DIREKTEUR-GENERAAL VAN MINERAAL EN ENERGIESAKE** **DERDE RESPONDENT**

**STREEKBESTUURDER: MINERAAL EN ENERGIESAKE: NOORD-KAAP STREEK** **VIERDE RESPONDENT**

*Coram:* MAJIEDT R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1.Die Applikant bring 'n aansoek vir tussentydse regshulp hangende die afhandeling van saaknommer 292/07 in hierdie Hof. Hierdie aansoek vir tussentydse regshulp word teengestaan, soos ook die geval is met die aangeleentheid in saaknommer 292/07. Vir doelmatigheidsredes sal ek na die onderhawige aansoek verwys as die "*tussentydse aansoek*" waar toepaslik en na saaknommer 292/07 as die "*hoofaansoek*".

2.Sentraal tot die dispuut tussen die partye in beide aangeleenthede is die geldigheid aldan nie van mynpermit MP169/2004. Dit is gemene saak tussen die partye dat, indien die permit vals of ongeldig is, die Eerste Respondent dan geen reg sou hê om op die soutpan, wat meer volledig beskryf word as Gedeelte 146 van Gedeelte 58 (Vrye Soutpan) van die plaas Kalahari-Wes No 215 geleë in die administratiewe distrik Gordonia, te myn nie.

3.Drie preliminêre aspekte is op die stukke deur die Eerste Respondent geopper, te wete die kwessie van dringendheid, *lis pendens* en *locus standii* en is in betoog voor my verder aangevul. Ek moet op hierdie stadium alreeds uitwys dat alhoewel die Tweede, Derde en Vierde Respondente berus by die beslissing van hierdie Hof, hulle op 'n vroeëre stadium in die verrigtinge voor my ampsbroeder, Bosielo WnRP, verteenwoordig was deur 'n advokaat, maar tydens die aanhoor van die tussentydse aansoek voor my was daar geen sodanige verskyning namens die bepaalde Respondente nie.

Hierdie is ‘n groot jammerte, omrede, soos aanstons sal blyk, die verwarring en deurmekaarspul in die kantoor van veral Vierde Respondent, grootliks daartoe bygedra het om hierdie aangeleentheid aansienlik te kompliseer.

4. Ek moet heel eerste redes verskaf vir my beslissing dat ‘n verdere eedsverklaring, naamlik dié van Mnr. Petrus Nicolaas Prins, namens die Eerste Respondent toegelaat word as getuienis in die saak. Ek het die bepaalde eedsverklaring toegelaat, ten spyte daarvan dat dit heftig teengestaan is deur die Applikant en my redes was voorbehou. Daar was ‘n substantiewe aansoek gebring by wyse van kennisgewing van mosie onder ‘n verdere saaknommer 1664/2008 vir die toelating van hierdie bepaalde eedsverklaring. Ek het gelas dat die aansoek om toelating van Prins se beëdigde verklaring toegestaan word en dat Eerste Respondent die koste van die aansoek betaal op ‘n bestrede basis. Na hierdie bevel het die Applikant in die tussentydse aansoek (Eerste Respondent in aansoek nr 1664/08) onmiddellik aansoek gedoen om ‘n aanvullende eedsverklaring van die deponent Mnr. Du Toit toe te laat, welke verklaring ‘n antwoord is op die beweringe vervat in Prins se voormelde eedsverklaring. Ek het dié aansoek ook toegestaan.

5. Ek verskaf gevolglik redes vir my bevele soos voormeld. Ten einde verwarring te vermy verwys ek na die partye soos hulle verskyn in die tussentydse aansoek, gedagtig daaraan dat die Eerste Respondent in die tussentydse aansoek die Applikant in aansoek nommer 1664/08 is en die Applikant in die tussentydse aansoek

die Eerste Respondent in aansoek nommer 1664/08 is. Namens die Eerste Respondent het Mnr. Van Rhyn SC (wat saam met Mnr. Pohl vir die Eerste Respondent hierin verskyn) aangedui dat die doel en relevantheid van Prins se verdere eedsverklaring slaan op die kwessie van dringendheid, aangesien Prins in sy eedsverklaring verwys na sekere gebeure wat plaasgevind het by die betrokke soutpan. Verder het Mnr. Van Rhyn ook aangedui dat Prins se verklaring ook handel met die kwessie van die balans van gerief. Namens die Applikant het Mnr. Tredoux, heeltemal tereg, uitgewys dat daar aansienlike gebreke is in hierdie aansoek. Reël 6(1) bepaal dat elke aansoek ondersteun moet word deur 'n eedsverklaring. In die onderhawige geval het die Eerste Respondent geen sodanige ondersteunende eedsverklaring aangeheg tot sy kennisgewing van mosie nie en het bloot Prins se verklaring, wat die Eerste Respondent vra om ingehandig te word, aangeheg. Uit die aard van die saak, het Prins se verklaring geen bewerings bevat oor waarom die Hof dié bepaalde eedsverklaring behoort toe te laat nie. Dit is geykte reg dat 'n Hof 'n diskresie het soos vervat in Reël 6(5)(e) ten aansien van die indiening van verdere beëdigde verklarings. Hierdie is 'n vergunning en moet 'n Applikant wat sodanige vergunning aanvra die nodige gronde uitmaak vir die toestaan van sodanige regshulp. In die onderhawige geval is 'n verduideliking vir die aanvra van sodanige vergunning nie verskaf in 'n eedsverklaring nie, maar slegs in die advokate se betoogshoofde.

6. In paragraaf 4.2 van die eedsverklaring van Prins word beweer dat sy verklaring dien as 'n uitbreiding van die feitelike basis wat in die

eedsverklaring van die Eerste Respondent se deponent, Blaauw, gemaak is. Ek is dit eens met Mnr. Tredoux dat dit nooit ‘n basis kan vorm vir die toelating van ‘n verdere eedsverklaring nie.

7. Mnr. Van Rhyn se repliek op hierdie geldige regsargumente voorgehou deur Mnr. Tredoux was bloot dat hierdie Hof sy diskresie ten gunste van die Eerste Respondent behoort uit te oefen en Prins se verdere eedsverklaring toe te laat, aangesien die eedsverklaring van groot belang en hoogs relevant is vir die beregting van hierdie aansoek.

8. As ‘n algemene reël behoort die beperking ten aansien van die getal en opeenvolging van eedsverklarings soos vasgelê in Reël 6 gevolg te word deur 'n litigant, maar hierdie reël is nie rigied en onbuigsaam nie. ‘n Geregshof behoort met behoorlike inagneming van al die tersaaklike feite en omstandighede sy diskresie op regterlike wyse uit te oefen ten aansien van ‘n versoek om verdere eedsverklarings toe te laat.

Sien in die algemeen in dié verband:

**Erasmus, Superior Court Practice** te B1-47 en gewysdes daar aangehaal.

In die leidende gesag in dié verband, te wete **James Brown and Hamer (Pty) Ltd v Simmons NO 1963 (4) SA 656 (A)** te 660 D-H, het Ogilvie Thompson AR die bepaalde beginsel as volg voorgehou:

“It is in the interest of the administration of justice that the well-known and well-established general rules regarding the number of sets and the proper sequence of affidavits in motion proceedings should ordinarily be observed.

> That is not to say that those general rules must always be rigidly applied: some flexibility, controlled by the presiding judge exercising his discretion in relation to the facts of the case before him, must necessarily be permitted. Where, as in the present case, an affidavit is tendered in motion proceedings both late and out of its ordinary sequence, the party tendering it is seeking, not a right, but an indulgence from the Court: he must both advance his explanation of why the affidavit is out of time and satisfy the Court that, although the affidavit is late, it should, having regard to all the circumstances of the case, nevertheless be received. Attempted definition of the ambit of a discretion is neither easy nor desirable. In any event, I do not find it necessary to enter upon any recital or evaluation of the various considerations which have guided Provincial Courts in exercising a discretion to admit or reject a late tendered affidavit…. It is sufficient for the purposes of this appeal to say that, on any approach to the problem, the adequacy or otherwise of the explanation for the late tendering of the affidavit will always be an important factor in the enquiry."

9. Hierdie is 'n omvangryke saak en kan daar nie sondermeer gesê word dat Prins se eedsverklaring glad nie relevant is of sal bydra tot die beslegting van die geskille tussen die partye nie. Gedagtig aan die toets voorgehou in die gewysdes, veral die **James Brown v Hamer-saak***, supra*, het ek in my diskresie die bepaalde eedsverklaring toegelaat en geleentheid gebied aan die Applikant om 'n verdere eedsverklaring in antwoord op dié van Prins in te dien. Ek het gelas dat die Eerste Respondent die koste van die aansoek betaal op 'n bestrede basis, omrede ek meen:

a) Die Applikant bestraf moes word vir die slordige en onreëlmatige wyse waarop die aansoek gebring is; en

b) Die Eerste Respondent heeltemal korrek opgetree het deur die interlokutore aansoek teen te staan, aangesien, soos dit blyk uit my bovermelde redes, daar heeltemal voldoende gronde was vir sodanige 'n bestryding.

10.Ek wend my nou na die tussentydse aansoek self. Soos alreeds vermeld, het die Eerste Respondent 'n aantal preliminêre aspekte geopper wat heel eerste bereg moet word. Die bepaalde aspekte wat ek gaan behandel gaan oor die kwessie van dringendheid, *lis pendens* sowel as *locus standii.* Gegewe my bevindinge hieraangaande, beoog ek nie om in groot besonderhede te handel met die meriete van die tussentydse aansoek nie.

11.Ten einde die preliminêre aspekte sinvol te behandel, is dit nodig dat ek eers kortliks die gemeensaaklike feite of die feite soos aangevoer deur die Eerste Respondent of soos aangevoer deur die Applikant en wat onbetwis op die stukke staan, bondig op te som:

11.1 Soos hierbo aangedui gaan die dispuut hoofsaaklik oor die reg om te myn vir sout op die Vrye Soutpan. Dit is gemene saak tussen die partye dat die Eerste Respondent vir 'n lang tydperk alreeds sout myn op die bepaalde pan. Dit is verder ook gemene saak dat die Applikant 'n geldige bestaande huurkontrak het ten aansien van die pan, wat hy gesluit het met die Staat wat die eienaar van dié bepaalde grond is.

11.2 Die Applikant het, met behulp van uitvoerige ondersoeke, insluitende deur 'n handskrifdeskundige, feite voorgehou aan die Hof waarin beweer word dat die mynpermit ingevolge waarvan die Eerste Respondent op die Vrye Soutpan myn, naamlik permit MP169/2004, vervals of dan ten minste ongeldig is. Ek sal doelmatigheidshalwe na dié bepaalde

magtiging bloot verwys as "*die mynpermit*".

11.3 Die kardinale vraag is derhalwe, nie net in die tussentydse aansoek op die meriete nie, maar ook op die meriete in die hoofaansoek, eenvoudig of die Applikant daarin geslaag het om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat die mynpermit vals is. Indien dit wel vals of ongeldig is, dan het die Eerste Respondent geen reg om op die pan te myn of om op die pan te wees nie. Die vraag wat vervolgens dan sou ontstaan is of die Applikant op sý beurt enige reg sou hê om op die soutpan te myn (inteenstelling daarmee dat hy geregtig sal wees uit hoofde van sy huurkontrak met die Staat om fisies die pan te okkupeer).

12. Die eerste preliminêre aspek wat ek nou behandel is die kwessie van dringendheid. Dit is die Eerste Respondent se saak dat die tussentydse aansoek nie dringend is nie en, in soverre daar wel 'n mate van dringendheid is, dit geskep is deur die Applikant self. Ter motivering van dié submissie word verwys na die breedvoerige uiteensetting in die Eerste Respondent se antwoordende eedsverklaring voorgehou deur Blaauw. Daarin word verwys na die tydsperiodes wat verloop het sedert die handskrifdeskundige, Hattingh, sy ondersoeke gedoen en verslae uitgebring het hierin. Dit is korrek soos Blaauw aanvoer dat Hattingh se ondersoeke klaarblyk al afgehandel is op 9 Junie 2008, maar sy beëdigde verklaring in hierdie bepaalde tussentydse aansoek is eers op 21 Oktober 2008 afgelê. Die deponent Du Toit, wat die ondersteunende eedsverklaring namens die Applikant in die

tussentydse aansoek afgelê het, se verklaring is afgelê op 22 Oktober 2008 en is die aansoek uitgereik op 24 Oktober 2008 en op Eerste Respondent beteken op 27 Oktober 2008. Soos Blaauw tereg verder uitwys, steun die Applikant grootliks vir dringendheid op die feit dat die Eerste Respondent na bewering voortdurend besig is om 'n misdryf te pleeg deur sonder 'n geldige permit sout te myn. 'n Tweede grond van dringendheid is dat, volgens die Applikant, hy op 17 Oktober 2008 opgemerk het dat die Eerste Respondent besig is om alternatiewe akkers voor te berei vir ontginning van sout op die pan.

13. Daar kan kwalik gekibbel word oor Blaauw se uiteensetting en gevolgtrekking van die gebrek aan dringendheid. Wat vir my egter selfs groter oorredingskrag het, is die volgende feite en/of omstandighede:

13.1 In die hoofaansoek het die huidige Eerste Respondent wat die Vierde Respondent in die hoofaansoek is, sy antwoordende eedsverklaring geliasseer op 7 Mei 2007. Daarna het die Applikant in die hoofaansoek (wat ook die Applikant in die tussentydse aansoek is) 'n repliserende eedsverklaring van Du Toit geliasseer op 23 Oktober 2007. Lank daarna en eers op 13 April 2008, is 'n antwoorde eedsverklaring namens die Eerste, Tweede en Derde Respondente in die hoofaansoek geliasseer. Dié Respondente is dieselfde respondente wat die Tweede, Derde en Vierde Respondente in die tussentydse aansoek is. Daardie antwoordende eedsverklaring in die hoofaansoek

is afgelê deur Mnr. Maleka Jerry Mndaweni, wat die Vierde Respondent hierin is. Daarin maak Mndaweni die punt ter aanvang dat dié bepaalde Respondente hulle berus in die uitspraak van hierdie Hof in die hoofaansoek. Hy wys uit dat sy eedsverklaring slegs geliasseer word ten einde die Hof by te staan, maar wys hy ook uit dat die toestaan van die regshulp soos aangevra inbreuk sou maak op die uitoefening van die statutêre bevoegdhede van die betrokke Respondente wat die Staat verteenwoordig.

13.2 Van belang in die voormelde antwoordende eedsverklaring van Mndaweni is dat hy in paragrawe 13 en 14 daarvan 'n aanduiding gee dat sy kantoor op 5 September 2005 'n aansoek vir 'n mynreg om vir sout te myn op die bepaalde pan aanvaar het vanaf die Applikant. Hy wys verder uit dat hierdie aanvaarding van die aansoek 'n fout was, aangesien sy kantoor op daardie stadium buite rekening gelaat het dat daar 'n alreeds bestaande houer van 'n mynreg vir dieselfde mineraal op dieselfde grond (Vrye Soutpan) was en dat die aanvaarding daarvan onbevoegd was ingevolge die bepalings vervat in art 22(2) van die Mineral and Petroleum Resources Development Act, No 28 van 2002 (*"die Wet")*. Mndaweni gee verder ook 'n verduideliking van hoe die fout ingesluip het en skryf dit toe aan die gebruik van 'n ou stelsel wat op daardie stadium in sy kantoor aangewend was.

13.3 Na die liassering van hierdie antwoordende eedsverklaring namens Eerste, Tweede en Derde Respondente in die hoofaansoek op 13 April 2008, is die saak uitgestel op die

koste van die bepaalde Respondente, omrede die Applikant in die hoofaansoek nie gereed was om daarmee voort te gaan nie in die lig daarvan dat die antwoordende eedsverklaring laat geliasseer is en die Applikant gevolglik tyd nodig gehad het om dit deur te gaan en daaraangaande te besin. ‘n Lang tydperk het verloop en intussen is die tussentydse aansoek op ‘n dringende basis geloods op 24 Oktober 2008. ‘n Repliserende eedsverklaring namens die Applikant is eers op 10 November 2008 geliasseer in die hoofaansoek.

14.Mnr. Van Rhyn het namens die Eerste Respondent aangevoer dat die loods van die tussentydse aansoek op ‘n dringende basis ‘n misbruik van die regsproses is en dat Applikant hom teen 'n spreekwoordelike muur vasgeloop het in die lig van Mndaweni se antwoordende eedsverklaring in die hoofaansoek. Hy maak die submissie verder dat die Applikant hom toe gewend het na die dringende tussentydse aansoek in 'n poging om sy probleme voortspruitend uit Mndaweni se voormelde verklaring te ondervang.

15.Ek is dit eens met Mnr. Van Rhyn dat daar nie voldoende gronde vir dringendheid uitgemaak is in die tussentydse aansoek nie. Die lang tydsverloop tussen die afhandeling van die ondersoek en verslag van die handskrifdeskundige Hattingh en sy daaropvolgende eedsverklaring, word deur Mnr. Tredoux namens die Applikant verduidelik as noodsaaklik, omrede volgens hom, Hattingh baie besig was en moes sy verslag eers in ‘n behoorlike

eedsverklaring saamgestel word. Hattingh se verslae is opgestel in terme van die bepalings vervat in a212 van die Strafproseswet, 51 van 1977, aangesien daar klaarblyklik ‘n polisieondersoek aan die gang is ten aansien van die beweerde vervalste mynpermit. Hierdie verduideliking gaan nie ver genoeg na my mening nie. Ek is die mening toegedaan dat die Applikant inderdaad voete gesleep het in die hoofaansoek toe hy hom vasgeloop het teen Mndaweni se antwoordende eedsverklaring in daardie saak. Die loods van ‘n tussentydse aansoek op ‘n dringende basis was as’t ware na my mening om te ontkom van die gevolge van Mndaweni se eedsverklaring in die hoofaansoek en om die Respondente op ‘n ander wyse voor die Hof te daag.

16. Verder vind ek die beweringe aangaande alternatiewe akkers wat geskep sou word en opgemerk is na bewering op 17 Oktober 2008 glad nie oortuigend nie. Hierdie aspek is volledig beantwoord deur Blaauw in sy antwoordende eedsverklaring in die tussentydse aansoek. Daarin het hy uitgewys dat die sogenaamde “*alternatiewe akkers”* eintlik werk is wat gedoen word op ‘n aangrensende gedeelte van die pan. In die repliserende eedsverklaring het die Applikant se deponent heel insiggewend toegegee dat dit inderdaad die geval is. Daar kan dus, streng gesproke, nie sprake daarvan wees dat die huidige mynaktiwiteite op die Vrye Soutpan drasties uitgebrei word nie, soos wat die Applikant probeer voorgee het nie. Wat inderdaad aan die gebeur is, is dat werk gedoen word op ‘n aangrensende gedeelte van die soutpan. Hierdie grond van dringendheid hou dus ook nie water nie.

17.In **Luna Meubelvervaardigers (Edms) Bpk v Makin and another t/a Makin's Furniture Manufacturers) 1977 (4) SA 135 (W)** het Coetzee R die siening uitgespreek dat die mees misbruikte Reël in daardie Afdeling Reël 6(12) is wat betrekking het op dringende aansoeke. Op 139 F-H het hy uitgewys wat die graad van dringendheid is wat uiteengesit moet word in 'n applikant se funderende eedsverklaring ten einde die bepalings vervat in Reël 6(12) van toepassing te maak. Op die toets soos neergelê in die voormelde gewysde en nagevolg male sonder tal deur ons howe, is ek die mening toegedaan dat hierdie aansoek nie een van genoegsame dringendheid was nie. Die noodwendige gevolg is dat die tussentydse aansoek normaalweg van die rol geskrap sou moes word. Vir die redes wat volg meen ek dat die tussentydse aansoek op ander gronde eerder van die hand gewys behoort te word.

18.Ten aansien van selfgeskepte dringendheid het die Grondwetlike Hof alreeds by twee geleenthede uitgewys dat omstandighede wat geskep word deur 'n litigant self waarop hy dan daarna steun vir dringendheid, nie dringendheid uitmaak nie.

Vergelyk in dié verband:

**Ex parte Minister of Social Development and others 2006 (4) SA 309 (CC)** te par [17], 314 I – 315 A;

**South African Broadcasting Corp Ltd v National Director of Public Prosecutions and others 2007 (1) SA 523 (CC)** te par [112], 565 F-G.

19.Ek bespreek vervolgens die kwessie van *lis pendens*. Ten einde

hierdie aangeleentheid sinvol te behandel, moet die regshulp wat aangevra word in die tussentydse aansoek sowel as in die hoofaansoek volledig uiteengesit word.

20. In die hoofaansoek vra die Applikant die volgende regshulp aan:

"1. Dat verklaar word dat Applikant geregtig is daarop dat 'n mynreg vir die myn van sout op die plaas bekend as:
**Gedeelte 146 van Gedeelte 58 (Vrye Soutpan) van die plaas Kalahari-Wes no 251, geleë in die Administratiewe Distrik Gordonia gehou deur die Republiek van Suid-Afrika kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Titel nr 980/93,**
**Groot: 855,9773 hektaar**
aan Applikant uitgereik word.
("**die plaas**".).

2. Dat verklaar word dat Applikant se omgewingsbestuurprogram deur eerste respondent goedgekeur is alternatiewelik dat derde respondent gelas word om dit goed te keur, <u>alternatiewelik</u> dat indien hy sou versuim om dit te doen binne 7 dae vanaf datum van die bevel wat die hof in die verband mag verleen, dat die applikant geregtig is om ingevolge die mynreg te myn asof die omgewingsbestuursprogram deur eerste respondent goedgekeur is ingevolge artikel 39(4) van die Wet.

3. Dat die eerste respondent gelas word om self of deur middel van sy gevolgmagtigde te verskyn voor 'n behoorlik toegelate notaris en om die mynreg waarvan 'n afskrif aangeheg is as bylaag "C" tot die funderende beëdigde verklaring te onderteken voor sodanige notaris, terwyl applikant se verteenwoordiger ook teenwoordig is.

4. Dat indien die respondente waarna verwys word in smeekbede 3 sou versuim om te handel soos daarin vervat binne sewe dae vanaf datum van hierdie bevel, die Griffier van hierdie hof gemagtig en gelas word om dit namens sodanige respondent te doen.

5. Dat verklaar word dat die mynpermit nr. **MP169/2004** wat voorgee om uitgereik te wees ingevolge artikel 9(1) gelees met artikel 9(3)(d) van die Mineraalwet, 50 van 1991, aan vierde respondent, verval het, <u>alternatiewelik</u> nietig is, <u>alternatiewelik</u> nie van krag was onmiddellik voor **1 Mei 2004 nie**.

6. Dat verklaar word dat vierde respondent nie geregtig is om vir sout te myn op die plaas nie.

7. Dat eerste, tweede en derde respondente gelas word om die koste van die aansoek gesamentlik en afsonderlik te betaal, en dat vierde respondent indien hy hierdie aansoek sou bestry, gelas word om gesamentlik en afsonderlik met eerste, tweede en derde respondente die koste van die aansoek te betaal.

8. Dat verdere en/of alternatiewe regshulp aan applikant verleen word."

21. In die tussentydse aansoek vra die Applikant die volgende regshulp aan:

"1. Dat kondonasie aan die Applikant verleen word vir die nie-nakoming van Hofreëls met betrekking tot betekening en proses en dat hierdie aansoek as dringend oorweeg en bereg word.

2. Dat hangende die finale afhandeling van saaknommer 292/07 in hierdie Hof, die Eerste Respondent

2.1 gebied word om onmiddellik alle mynbedrywighede op Gedeelte 146 van Gedeelte 58 (Vrye Soutpan) van die plaas Kalahari-Wes nr. 251, geleë in die Administratiewe Distrik Grodonia, gehou deur die Republiek van Suid-Afrika kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Titel nr 980/73 (hierna genoem "Vrye Soutpan"), te staak;

2.2 gelas word om binne 48 uur na verlening van hierdie bevel, die gemelde Vrye Soutpan te verlaat en te ontruim;

2.3 verbied word om op 'n direkte of indirekte wyse die Applikant te verhinder om okkupasie van Vrye Soutpan te neem.

3. Dat Eerste Respondent gelas word om die koste van hierdie aansoek te betaal en, indien enige van die ander Respondente die aansoek opponeer, al sodanige Respondente gelas word om gesamentlik en afsonderlik met die Eerste Respondent die koste van die aansoek te betaal.

4. Verdere en/of alternatiewe regshulp."

22. Ek is dit eens met Mnr. Van Rhyn dat die tersaaklike paragrawe in die twee aansoeke wat oorweging verg ten aansien van die regsaspek van *lis pendens*¸ paragrawe 5 en 6 in die hoofaansoek hierbo aangehaal, en paragraaf 2 (met insluiting van sub-paragrawe 2.1, 2.2 en 2.3) in die tussentydse aansoek is. Ek is dit verder met hom eens dat die kerngeskilpunt wat beregting verg ten aansien van die onderskeie voormelde paragrawe in die onderskeie aansoeke juis gaan oor die geldigheid al dan nie van die bepaalde mynpermit. Geen beslissing sal in die tussentydse aansoek gevel kan word onafhanklik van 'n beslissing aangaande die geldigheid aldan nie van die mynpermit nie.

23. In substansie is die wese van die regshulp wat aangevra word in die onderskeie voormelde paragrawe van die onderskeie aansoeke dus dieselfde en hang dit albei af van die beslissing van wesenlik dieselfde geskilpunt (die geldigheid van die mynpermit). Verder is dit tog baie duidelik dat die litigasie in die twee aansoeke gevoer word deur dieselfde partye.

24. In antwoord op hierdie submissies het Mnr. Tredoux uitgewys dat die regshulp wat in die onderskeie aansoeke aangevra word nie identies is nie. Volgens hom is die regshulp in paragrawe 5 en 6 van die hoofaansoek in die vorm van verklarende bevele, terwyl die regshulp aangevra in die tersaaklike paragraaf 2 in die tussentydse aansoek in die vorm is van 'n tussentydse interdik *pendente lite*, d.w.s. hangende die finale uitslag van die hoofaansoek. Hy het verder ook aan die hand gedoen dat selfs al word bevind dat daar aan die vereistes van *lis pendens* voldoen is,

dit slegs daartoe sou lei dat ‘n vermoede ontstaan dat die aansoek kwelsugtig is wat op sy beurt weer die Applikant met ‘n weerleggingslas opsaal om aan te toon dat die balans van die gerief en billikheid meebring dat daar met die tussentydse aansoek behoort voortgegaan te word. Hy het gesubmitteer dat in die onderhawige geval dit billik is en die balans van die gerief in die Applikant se guns is dat die tussentydse aansoek aangehoor moet word, omdat die Eerste Respondent volgens hom voortdurend besig is met die pleging van ‘n misdryf omdat hy met ‘n vervalste/ongeldige permit myn.

25.In ons reg rus die *onus* op die party wat die verweer opper van *lis alibi pendens* en moet sodanige party aantoon dat:

a) daar hangende litigasie is;
b) tussen dieselfde partye of hulle agente;
c) gebaseer op dieselfde eisoorsaak.

Sien in dié verband:
**Lawsa 2de uitg, vol 3, deel 1** te par 230 en gewysdes daar aangehaal.
Ten aansien van ‘n geregshof se diskresie om, ten spyte van ‘n bevinding van *lis pendens*, toe te laat dat die tweede aansoek voortgaan. Sien:
**Richtersveld Community v Alexkor Ltd and another 2000 (1) SA 337 (LCC)** te 343 C-E.
Sien verder ook:
**Loader v Dursot Bros (Pty) Ltd 1948 (3) SA 136 (T)** te 138-139.

26. Na my mening is die verweer van *lis alibi pendens* soos geopper deur die Eerste Respondent geopper in sy stukke en in betoog ‘n gegronde verweer. Na my mening sal dit regtens onhoudbaar wees dat ek nou in die tussentydse aansoek bevindinge maak wat die kern vorm van die geskil tussen die partye, veral die Applikant en Eerste Respondent, in die hoofaansoek, naamlik die geldigheid van die mynpermit. Daar is geen rede waarom ek nou in ‘n tussentydse dringende aansoek só ‘n kernaspek moet bereg nie, terwyl dieselfde dispuut hangende is en bereg moet word in die hoofaansoek. Ek aanvaar, vir doeleindes hiervan en sonder om dit te beslis (vir vanselfsprekende redes gegewe die kerngeskil in die hoofaansoek), dat die mynpermit op die oog af vals voorkom. Daarvan getuig die handskrifdeskundige Hattingh se verslae soos vervat in sy eedsverklaring in hierdie stukke, sowel as die bykomende aanduidings wat geopper is deur die Applikant, oorvloediglik. Of die moontlike vervalstheid daarvan ook sal lei tot die ongeldigheid daarvan is natuurlik ‘n ander saak wat weereens meer geskik is om by die hoofaansoek beslis te word. Gevolglik bevind ek dat die verweer van *lis pendens* wel van toepassing is hier en dat die tussentydse aansoek nie huidiglik regtens ontvanklik is nie. 'n Belangrike oorweging wat my tot hierdie slotsom bring is die feit dat, soos Mnr. Van Rhyn tereg voorgehou het, in die hoofaansoek daar talryke wesenlike feitegeskille bestaan. 'n Verwysing van die hoofaansoek na mondelinge getuienis is dus 'n groot moontlikheid. Die beslegting van hierdie kern feitegeskille by wyse van mondelingse getuienis by die hoofaansoek is veel eerder te verkies as die gepoogde beregting daarvan by hierdie tussentydse aansoek.

27.Ek is nie oortuig dat, nieteenstaande my voormelde bevinding van *lis pendens*, ek behoort toe te laat dat die tussentydse aansoek voortgaan nie. Daar is geen voldoende gronde na my mening aangevoer waarom op grond van billikheid en die balans van gerief hierdie tussentydse aansoek aangehoor behoort te word nie. Die enigste grond waarop gesteun is deur Mnr. Tredoux is dat die Eerste Respondent voortdurend besig is om 'n misdryf te pleeg deur sonder 'n geldige mynpermit sout te myn op Vrye Soutpan. Hierdie aspek is nou verwant aan die kwessie waarmee ek nou vervolgens handel. Samevattend is ek van oordeel dat die weerleggingslas wat op die Applikant skuif met 'n bevinding van *lis pendens*, nie gekwyt is deur die Applikant nie.

28.Die volgende aspek wat oorweging verg is dié van *locus standii*. Namens die Eerste Respondent het Mnr. Van Rhyn aangevoer dat die Applikant geen *locus standii* het in hierdie aansoek nie. Hy maak dié submissie uit hoofde daarvan dan, volgens hom, die Applikant geen reg het om te myn op die soutpan nie. Dit is inderdaad so. Die Applikant het dit ook nie ontken nie, maar voer aan dat hy, soos ek die betoog verstaan, ten minste 'n regmatige verwagting het dat sy aansoek wat tans hangende is in die kantoor van die Vierde Respondent, goedgekeur sal word. Die feit dat die Applikant oor 'n huurkontrak met die Staat, en wel met die Department van Openbare Werke, beskik ten aansien van die grond waarop Vrye Soutpan geleë is, baat hom niks ten aansien van die kwessie van *locus standii* nie. Die vraag wat beantwoording verg is of die blote regmatige verwagting (as aanvaar word dat dit bestaan) om in die toekoms daar te myn,

voldoende is vir *locus standii* in die feite en omstandighede van hierdie saak. Ek meen dat Mnr. Van Rhyn gelyk gegee moet word met hierdie submissies.

29. 'n Party wat verrigtinge instel moet beweer en bewys dat hy die nodige *locus standii* het en die *onus* om hierdie aangeleentheid te bewys rus voortdurend op sodanige party.

Sien in die algemeen in dié verband:

**Mars Inc v Candyworld (Pty) Ltd 1991 (1) SA 567 (A)** te 575.

In **Kolbatschenko v King NO and another 2001 (4) SA 336 (C)** te 346 G-H word die vereistes om *locus standii* te bewys as volg neergelê:

"What is required, then, is that

(a) the applicant for relief must have an adequate interest ('voldoende belang') in the subject-matter of the litigation, which is not a technical concept; it is usually described as a direct interest in the relief sought;
(b) it must not be too far removed;
(c) it must be actual, not abstract or academic;
(d) it must be a current interest, and not a hypothetical one"

Sien verder ook:

**Jacobs en 'n ander v Waks en andere 1992 (1) SA 521 (A)** te 533 J – 534 E.

30. In die onderhawige geval is ek die mening toegedaan dat die Applikant se sogenaamde regmatige verwagting nie voldoende is om *locus standii* daar te stel nie. Na my mening het die Applikant geen reg wat aangetas word in die omstandighede van hierdie saak nie.

31.Gevolglik moet, uit hoofde van my bevinding van *lis pendens* en van ‘n gebrek aan *locus standii* die aansoek afgewys word.

32.Ek ag dit nie nodig of wenslik om verder met die meriete te handel nie, gegewe my bevinding van veral *lis pendens* in hierdie saak. Wat ek wel egter wil vermeld is dat die spronge gemaak deur Mndaweni namens die Staat (soos alreeds hierin vermeld is hy die Vierde Respondent in die tussentydse aansoek) met verwysing na die mynpermit, aangeleenthede aansienlik gekompliseer het in hierdie tussentydse aansoek. Dit mag wel later ook die geval wees met die hoofaansoek, maar laat ek my nie daaroor uit nie. Mndaweni het naamlik aanvanklik in sy antwoordende eedsverklaring in die hoofaansoek beweer dat die mynpermit uitgereik aan die Eerste Respondent wel regsgeldig is. Daarna het hy in ‘n latere eedsverklaring in hierdie verrigtinge, d.w.s die onderhawige tussentydse aansoek, heeltemal 'n ommekeer gemaak en verklaar dat hy nou nie meer so seker is daarvan dat die bepaalde mynpermit wel geldig is nie. Volgens hom kom dit voor asof dit ‘n vervalsing mag wees. Hy het toe onderneem om verder indringend ondersoek te laat doen daarna. By die aanhoor van hierdie aansoek het ek verneem waarom daar eerstens geen verdere inligting aangaande hierdie beloofde indringende ondersoeke voor die Hof is nie en tweedens waarom die Respondente wat hierin die Staat verteenwoordig nie meer verskyn nie. Ek is vanaf die Balie meegedeel deur Mnr. Tredoux dat hy nie die eerste vraag kan beantwoord nie, maar dat, wat betref die tweede voormelde vraag, die nie-verskyning blykbaar is om koste te bespaar. Hierdie is ‘n groot jammerte, want enige

inligting wat sou spruit uit die beloofde indringende ondersoek in die Vierde Respondent se kantoor, sou hierdie Hof in die tussentydse aansoek en moontlik die Hof wat die hoofaansoek moet aanhoor, van groot hulp wees.

33. Die koste van 7 November 2008 se verskyning het oorgestaan vir latere beregting. Ek is dit eens met Mnr. Van Rhyn dat dit meegebring is deur die Applikant se nalate deurdat hy nie betyds sy repliserende stukke op die Staat, met ander woorde die Tweede, Derde en Vierde Respondente beteken het nie. Gevolglik moet die Applikant ook dié koste dra. Verder het Mnr. Van Rhyn aan die hand gedoen dat die aansoek twee advokate regverdig gegewe die volume werk en die kort kennisgewing wat daar gegee is. Mnr. Tredoux het aan die ander kant aangevoer dat dit nie nodig was om twee advokate te belas met so 'n aansoek nie. Ek stem daarmee saam. Die hoofaansoek is weliswaar lywig en van relatief komplekse aard, maar meen ek dat dit nie nodig was om twee advokate aan te wend in hierdie tussentydse aansoek nie.

34.Ek reik die volgende bevel uit:

**DIE AANSOEK WORD AFGEWYS MET KOSTE WAT INSLUIT DIE KOSTE VAN 7 NOVEMBER 2008 WAT VOORBEHOU IS.**

______________

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPLIKANT | : | ADV TREDOUX |
| IN OPDRAG VAN | : | HAARHOFFS |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV MH WESSELS SC |
| IN OPDRAG VAN | : | DUNCAN & ROTHMAN |